# TOUCHER

CENTURION
ROLBAL KLUB

# Nuusbrief /Newsletter

OCTOBER/OKTOBER 2025

## ONS VISE-PRESIDENT AAN DIE WOORD



Welkom by die nuutste uitgawe van die Toucher – Nuusbrief / News letter. Ons klub se krag lê in die mense wat dit vorm, en hierdie nuusbrief wil erkenning gee aan elke lid se bydrae, ervaring en betrokkenheid. Die afgelope maande het vir baie van ons 'n uitdaging gebring. Ons dink met besondere meegevoel aan lede en hul families wat geliefdes aan die dood afgestaan het. Ons harte en gebede is met julle in hierdie tyd vannrou en aanpassing.

Mag die herinneringe en ondersteuning van ons klubgemeenskap vir julle troos bring. Ons wil ook sterkte toewens aan lede wat onlangs in die hospitaal was of steeds herstel, asook die wat met ernstige siektes gediagnoseer is. Julle moed en uithouvermoë dien as inspirasie vir ons almal.

Ons dra ons beste wense oor aan al ons liga spelers wat Centurion Rolbalklub tydens die BGN Liga gaan verteenwoordig. Julle toewyding, spanwerk en sportmanskap maak ons trots. Gee elke wedstryd jul beste, ondersteun mekaar en dra ons klubklere met trots.

Die Bestuur wil opreg dankie sê aan die Perkespan vir hul voortdurende harde werk om ons bane in uitstekende toestand te kry en te hou. Julle toewyding maak 'n verskil en word opreg waardeer. Ons betuig ook waardering aan elke lid wat op enige manier bydra tot die klub se sukses, hetsy deur vrywillige werk, skenkings of die handhawing van 'n positiewe klubgees. Hierdie betrokkenheid versterk Centurion Rolbalklub en verseker dat die klub bly groei.

Mag elke lid, ongeag die seisoen waarin julle jul bevind, krag, hoop en vreugde vind in ons klubfamilie. Ons stap hierdie pad saam.

Karien Roos

# Pretty Women - Villieria



As promised here are the results from the Pretty Women competition held in support of Breast Cancer held in Villieria in August.

Centurion walked away with the best dressed team; 2nd place overall by the Lawn Queens and let's not forget that our own Dorina Du Plessis was crowned Pretty Women 2025.

Well done ladies!








---

# HOOGTEPUNTE



Die maande September en Oktober het besondere hoogtepunte opgelewer, datumgewys die volgende:

**3 en 10 September.** Weens die sluiting van ons bane versit bykans 40 spelers na die bane van Irene Rolbalklub, vir heerlike samespel. Baie dankie aan Leon vir sy reèlings, en aan IRK vir hul gasvryheid!








**14 - 19 September.** Karien Roos het in die Nomads Nasionale Kampioenskappe deelgeneem en Centurion se naam hoog gehou toe sy eerste gekom het en is nou die Nomads Nasionale Dames Kampioen.



**20 September.** Ons pragtig opgeknapte bane word amptelik ingewy, met spesiale dank aan Dave en Willem en talle helpers, en groot waardering vir Ronel en haar span vir die verversings vir die dag. Heel paslik skop die liga-oefeninge ook af.

**24 September.** Wat 'n dag vir ons klub! Sonder vrees vir teenspraak kan gesê word dat ons klub nog nooit op hierdie prestige-vlak 'n toernooi aangebied het nie, en CRK is met mening op die provinsiale en nasionale rolbalradarskerm geplaas. Leon doen hierna in meer detail verslag. Groot dank aan hom, as die dryfveer agter hierdie spoggeleentheid!

**4 Oktober.** Die kruitdampe hang swaar oor die bane, want 'n jaarlikse epiese stryd, genaamd "Battle of the Sexes", woed. Elders meer hieroor. Baie dankie aan Emma en Andrew vir die inisiatief vir hierdie baie opwindende okkasie!

**18 Oktober.** Die jaarlikse Petparade ('capping ceremony") vind plaas, waartydens die ligaspelers vir die jaar aangekondig word. Die verrigtinge het om 10:30 begin en Dorina het almal verwelkom. Dave het 'n motiveringsrede gelewer wat hoogs inspirerend was.

Daarna het Pieter die uitdeel van die 1e span hemde aan die betrokke spelers hanteer, asook die aankondiging van die onderskeie mansspanne vir die 4e en 6e divisies. Dorina het dieselfde gedoen vir die damesspelers in die 2e, 3e en 4e divisies.

Emil het 'n paslike dankwoord gerig, waarna almal kon smul aan heerlike worsbroodjies - baie dankie, Ronel en haar helpers! . Daarna is heerlik gekuier, want weens die reënweer is sosiale spel afgestel. Dit was werklik 'n geleentheid wat die klub eer aangedoen het, en die gees van opgewondenheid waarin dit plaasgevind het, voorspel veel goeds vir die ligaseisoen. Baie geluk en sterkte aan een en elk van die ligaspelers! Die onderskeie spanne word later genoem.

## PRESIDENTSBEKER



OP 24 September 2025 (Erfenisdag) het 'n baie spesiale gebeurtenis by die rolbalklub plaasgevind; die Presidentsbeker toernooi is vir die eerste keer in die klub se 50 jarige bestaan aangebied.

Die ontstaan van die toernooi is in Januarie gebore na 'n gesprek met die voormalige president van die rolbalklub, Jurg Odendaal, waarin die konsep aan hom voorgehou is. Die hoofdoel van die toernooi is om `n nuwe tradisie in Gauteng te begin. Na die inkoop van die president, is daar met die perkespan onderhandel om te verseker dat die perke teen 24 September op standaard sou wees.
Hierna is daar met die vorige verversingsbestuurder, Rina Meyer, onderhandel om haar inkoop te ontvang.
Na verdere onderhandelings is daar met die presidente van Rolbal Suid-Afrika en Rolbal Gauteng-Noord gesprek gevoer om hulle goedkeuring vir die aanbied van die toernooi te verkry. Beide presidente het die konsep ondersteun.

Die noemenswaardige feit is dat so 'n tipe toernooi nog nooit in die Gauteng streek plaasgevind het nie. Die beplanning is dat dit jaarliks op Erfenisdag by die klub aangebied sal word

Die konsep van die toernooi hou die volgende in:

- Spanne kan slegs deelneem indien die tersaaklike president 'n persoonlike uitnodiging ontvang.
- Die span moet bestaan uit twee dames en twee mans; en die president van assosiasie en/of klub moet 'n lid van die span wees.



Die proses is in Januarie begin om assosiasies en klubs uit te nooi. Die resultaat van die uitnodigings was dat die volgende deelgeneem het:

- Rolbal Gauteng-Noord Assosiasie.
- Ekurhuleni Assosiasie (Oos-Rand)
- Sables Assosiasie (Wesrand verteenwoordig deur 'n onder-35 en onder-20 spanne)
- Dertien klubs van die Rolbal Gauteng-Noord Assosiasie.
- Vier klubs van die Ekurhuleni Assosiasie.
- Twee klubs van die Sables Assosiasie.
- Vyf klubs van die Johannesburg Assosiasie.




In totaal het 96 spelers (24 spanne) aan die toernooi deelgeneem. Etlike Protea spelers was deel van die spanne. Die rolbalspel op die dag was van 'n hoogstaande gehalte.

Rina Meyer het die spelers bederf met kolwyntjies (oftewel muffins) by aankoms, gevolg deur die tradisionele toebroodjies tydens teetyd. 'n Keurige driegangmaal vir middagete is gevolg deur 'n kaasbord en beskuitjies wat Chris Lerm en sy vrou Annette aangebied het.

Twee sessies van 16 koppe elk is gespeel. Jurg Odendaal het opgetree as skeidsregter en Dawie Hanekom as tellinghouer. Weens die kompeterende aard van die spel was die twee aanstellings kritiek vir die suksesvolle afhandeling van die toernooi.

Morning Side Country Club (Johannesburg streek) het as die eerste wenners van die toernooi geëindig. Die terugvoer van die meerderheid van die assosiasies en klubs wat deelgeneem het, was baie positief en deurgaans is daar versoek dat hulle weer 'n uitnodiging vir die 2026 toernooi ontvang. Baie bemoedigend was die skriftelik terugvoer van die President van Morning Side Country Club, Gary Fraser:
*" We were honoured to have had the opportunity. To you and your club congratulations on a fantastic event. This was the best run and catered tournament I have ever attended."*



*Erkenning word gegee aan Chris Lerm vir sy ruim geldelike skenking wat bygedra het tot die suksesvolle aanbieding van die toernooi. Chris het ook beding om die span wat gewen het, 'n wegbreeknaweek te laat ervaar saam met hulle metgeselle by `n vierster wildplaas in die Koster omgewing.*

*Te danke aan die skenking kon die klub 'n wins van R 30,500.00 maak uit die toernooi. Die aansien van Centurion Rolbalklub kan net aanhou groei deur die jaarlikse aanbied van die toernooi.*

*Leon Smith*

# BATTLE OF THE SEXES



In gloomy wet weather conditions, which clearly resembled those in the First World War on the battle fields of Flanders, the Second Great Battle of the Sexes commenced on 4 October 2025. This great clash between two Super Armies took place on the roling plains of CBC.

The High Command of the Pink and Blue Armies was lead by Generals Karien Roos and Dave van Oudtshoorn respectively, and the companies were cleverly guided by Majors, Captains and Lieutenants. Formidable battle units were deployed on each side.



Prior to the battle, the Blue Army produced a deafening war cry, which shook the foundations of surrounding buildings. The Pink Army answered with a modest attempt, almost resembling a Christmas carol.


After life supporting refreshments, the Battle commenced. It was soon clear that the Pink Army was firmly on the winning edge, pushing the Blue Army back from their trenches. The mood in the Pink Army was buoyant, as was very clear when the troops entered a first cease fire to take strengthening rations.

As was the case in the First Great Battle of the Sexes in 2024, the second phase of the hostilities produced a completely different scenario. The Pink Army fought gallantly, but could not hold back the Second Offensive of the Blue Army, resulting in defeat of the former by a significant margin.

The peace negotiations were highly successful, resulting in a marvelous mutual spirit of well-being at a superb lunch. Special achievements were decorated in the finest military tradition. Notwithstanding these joyful and peaceful events, keen observers could already sense some ominous signs amongst fundamentalist members of the Pink Army, indicating a wish for revenge........

Very special thanks to Emma, Lynette, Andrew, Karien and Dave!.







**VANWAAR GEHASI?**



**Sarel Marais**

Ek is op Skrikkeldag in die oorlogsjare van 1940 op hierdie aarde verwelkom, en het my eerste jare in Pretoria-Oos deurgebring. In graad 2 is ons na die Moot waar ek die jare van kleilat gooi en klei-osse maak in die spruit in 14de Laan geniet het.

In Hoèrskool Wonderboom, wat destyds drie jaar oud was, was ons roetine verdeel tussen rugby, atletiek en soms huiswerk ook. Later in die hoèrskool het ons darem krieket bygekry, maar sonder ŉ veld, afrigters, of ŉ voogonderwyser. In daardie jare was 30 lopies vir ons boertjies ŉ mededingende totaal, wat eintlik vir die Engelssprekende skole, met spelers soos Eddy Barlow (Boys High) en Tiger Lance (CBC) ŉ lopie in die park was.

Na skool is ek Staatsdiens toe (Openbare Werke). Daarna na buitestedelike ontwikkeling, , Atlas Vliegtuigkorporasie, United Bouvereniging en later na die stadsraad van die destydse Verwoerdburg, waar ek my laaste 20 jaar van diens kon geniet, met opwindende stigtingsprojekte soos onder andere die sentrale sakegebied, Centurion krieketstadion, die waterorrel, en ŉ binnelandse see.

Die afgelope 20 jaar het ek my hand aan boerdery gewaag, maar die geld en die reèn was te min. Ons het Saamwerk Winkel, naby Mabalingwe, begin en ons laaste jare op die plaas was ŉ wonderlike vakansie-ervaring. Ons loof en prys ons almagtige Skepper vir die wonderlike tyd wat Hy ons gegun het, en vertrou dat ons familie, kennisse en vriende dieselfde lewensgenot sal ervaar as wat Hy ons geskenk het.

Nou speel ek rolbal wat vir my ŉ bykomende wonderlike ervaring is, veral die kennismaking en samespel met soveel nuwe mense. Lank lewe die klub en sy lede!

---





# KOMPETISIES

## Klubkompetisies

Die volgende uitslae is per abuis, en met groot apologie, weggelaat
in die vorige
Toucher:



**Wenners Dames Pare:** Ria Coetsee en Hendrina Meaker
**Wenners Mans Pare:** Tian Pietersen en Ernst Müller

Baie geluk, knap gedaan!

Klubkompetisies is tans rustend, maar die voorvreugde is alreeds aanvoelbaar.

## BGN-Kompetisies

Ons klub word tans verteenwoordig in die vierspel ope en veteranekompetisies. Baie dankie aan die volgende lede vir hul deelname, en alle sterkte toegewens!

**Dames ope vierspel:**
Eurika Lawrence, Maria Steyn, Marieta Fourie, Tillie Kamper

**Dames veterane vierspel:**
Eurika Lawrence, Maria Steyn, Marieta Fourie, Tillie Kamper
Ria Coetsee, Annie Marais, Hendrina Meaker, Elize du Plessis
Thea Opperman, Marsha Greyling, Estelle de Beer, Martelize Prinsloo
Karien Roos, Dorina du Plessis, Zinda Müller, Ronelle van Zyl
Susaar van Rooyen, Suzette Strydom, Isabel Jacobs, Albé Nel

**Mans ope vierspel:**
Jaco Immelman, Hadri Roux, Nico Rau, Dave van Oudtshoorn
Tian Pietersen, David Engela, Andrew McCabe, Piet Swemmer
Pieter Pretorius, Theo Munroe, Barend Lundie, Eidel Bock

**Mans veterane vierspel:**
Hadri Roux, Jurg Odendaal, Willem van Zyl, Piet Swemmer
Emil Haarhoff, Deon Geyser, Adriaan Louw, Pieter Grobler.

Die nuwe ligaseisoen begin op Saterdag 25 Oktober, en ons klub word verteenwoordig deur die volgende spanne:




**Dames Tweede Divisie:**

**Span 1**
Ria Coetsee, Annie Marais, Hendrina Meaker, Elize du Plessis
Eurika Lawrence, Maria Steyn, Marieta Fourie, Tillie Kamper

**Span 2**
Karien Roos, Dorina du Plessis, Zinda Müller, Ronel van Zyl
Thea Opperman, Marsha Greyling, Estelle de Beer, Martelize Prinsloo

**Dames Derde Divisie**
Mari Flint, Linda Kleingeld, Suzette Strydom, Isabel Jacobs
Susaar van Rooyen, Lesley McCabe, Yvonne Bock, Adri Behr



**Dames Vierde Divisie**
Emma McCabe, Ronel van Oudtshoorn, Albé Nel, Dina Rau
Adri Greve, Karin Louw, Kirsten Mcleod, Petro Wessels

**Mans eerste Divisie**
Tian Pietersen, Ted Harley, Matie Stander, Willem van Zyl
Pieter Pretorius, Herman du Plessis, Hadri Roux, Piet Swemmer

**Mans Vierde Divisie**
Anton Deetlefs, Brian Kleingeld, Gerrit Kamper, David Engela
Johan Meaker, Jaco Immelmann, Emil Haarhoff, Nico Rau



**Mans Sesde Divisie**

**Span 1**
Theo Munroe, Andrew McCabe, Adriaan Louw, Dave van Oudtshoorn
Pieter Brits, Flip Matteus, Barend Lundie, Barry Stoop

**Span 2**
Bosman Olivier, Andre Jacobs, Lambert du Plessis, Pieter Grobler
Koos Slabbert, Deon Geyser, Johan Jansen, Eidel Bock

Allerbeste wense vir 'n geseënde ligaseisoen. **Onthou Dave se motivering!**

## ROLBALONTWIKKELING

**Kitty en Jack gesels oor rolbaletiket en die wette van rolbal**

Mensig, Kitty, wat n pragtige funksie het Centurion Rolbalklub nie aangebied vir hul nuutverkose ligaspelers nie! As een en elke ligaspan nie gemotiveerd en opgewonde is oor die 2025/2026 seisoen nie, dan weet ek nie so mooi nie. Ene Dave van Oudtshoorn, die motiveringspreker, het die spelers onder andere aangemoedig om hulself op te skerp wat betref die wette van rolbal, asook die toepassing van rolbaletiket.

Ja, Jack, die perke van Centurion Rolbalklub het ‘n absolute gedaanteverwisseling ondergaan onder leiding van juis Dave en sy bekwame medewerker Willem van Zyl.
Die perke is nou van hoogstaande gehalte en van die beste in die streek. Daarom hoop ek dat elke speler tydens die ligaseisoen bedag sal wees op die gedragskode rondom die perke.

Nooit ooit mag daar gesit word op die wal van ‘n rolbalperk nie. So word die kante beskadig. Dit is tot nadeel van elke speler, want balle rol dan maklik teen die skuins getrapte helling af en land in die sloot. Soos ons weet, is dit nie ‘n maklike taak om die walle en slootkante in ‘n eksie-perfeksie toestand te hou nie. Ek glo dit word ook duidelik gestel aan korporatiewe spanne wat die perke vir sosiale funksies huur.

Indien jy tydens spel nie gesond voel nie, en jy genoodsaak is om vir ‘n paar minute te sit, klim uit die perk en gaan sit op die naaste pawiljoen. Sit op die wal is absoluut buite die kwessie. Nie net word ‘n etiketreël oortree nie, maar die opponent neem waar dat jy nie rolbalfiks is nie en kry so ‘n sielkundige voorsprong oor jou en jou spanmaats!

Wat n pragtige voorbeeld het Leon Smith, ‘n hoogs gewaardeerde lid van Centurion Rolbalklub, nie onlangs gestel nie. Hy het ‘n kampstoeltjie langs die betrokke baan waar hy gespeel het, geplaas. Hy het dan daarop gesit tussen skote, aangesien hy weens ‘n mediese kondisie nie so lank kon staan nie.

Kitty, spelers mag ook nie in die sloot trap nie, onthou jy? Indien jy dit doen, word sand op die perk getrap, en dit kan die gras en grassnyers beskadig. Grassnyers en ander perketoerusting is so duur, praat nie eers oor die instandhouding daarvan nie.

Die ligaseisoen is ‘n hoogtepunt op die klubkalender. Soos ons al vir mekaar gesê het, Centurion se rolbaletiket is op ŉ hoë vlak. ŉ Mens is egter tog jammer dat daar steeds nou en dan ŉ luidkeelse gejuig opgaan as ŉ opposisieskoot vir jou die skoot besorg.... Sportiewe gedrag moet altyd hoogty vier.

Waar is die dae toe ons liga gespeel het, Jack? Ek onthou hoe goeie etiket op die baan, respek vir spanmaats, asook vir die opponerende span, bygedra het tot groot oorwinnings, die smee van hegte vriendskapsbande en mooi herinneringe, en so sterk karakters gebou het.

Kitty, dit is vir my ‘n voorreg om met trots ‘n glasie te lig op Centurion Rolbalklub!

Voorspoed, ligaspanne, alles van die beste!




**Lees asseblief reëls 4.6; 9.7; 9.12 en veral reël 12 in die rolbaletiket boek.**

**Daar is nog aspekte wat bespreek word waarop ons asseblief moet let.**

Anoniem

---

**Jou reaksie op verloor**

Verloor is ŉ onvermydelike deel van enige sport en rolbal is nie ŉ uitsondering nie. Of jy nou verloor met een punt of ŉ groot pak slae kry, die emosies wat voortvloei uit ŉ neerlaag kan wissel van frustrasie tot teleurstelling tot twyfel in jouself en jou vermoë.

Een van die belangrikste stappe om te verbeter as ŉ rolbalspeler, is om te leer hoe om dit te verwerk as jy verloor.

Hier volg vyf belangrike strategieë hoe om jouself op te tel en sterker terug te kom na ŉ slegte verloor op die perke:

## 1 Besin in plaas van berou

Dit is natuurlik om na 'n neerlaag spesifieke oomblikke van die spel in jou gedagtes te herhaal, soos 'n trek wat jy gemis het, 'n te swaar hand, of 'n slegte taktiese besluit.

Maar in plaas daarvan om daaraan te dink met spyt en frustrasie, verander jou bepeinsing na 'n manier om jou spel te verbeter. Vra jouself af:

- Wat het ek vandag goed gedoen?
- Wanneer het ek beheer oor die wedstryd verloor?
- Waaraan gaan ek werk voor my volgende wedstryd?

## 2 Behou perspektief

Alhoewel dit 'n baie kompeterende sport is, is rolbal tog 'n spel wat op enige dag na enige kant toe kan gaan. Soms kan jy op jou beste speel en steeds die wedstryd verloor. 'n Rukwind, 'n "lucky wick", of een swak kop kan die uitslag draai. Een wedstryd of selfs een toernooi bepaal egter nie jou vermoë of jou vooruitsigte in die sport nie.

## 3 Beheer wat binne jou beheer is.

Jy kan jou opponent se spel, die weerkondisies of die eienaardighede van die perke nie beheer nie. Jy kan egter die volgende beheer:

- Jou gesindheid
- Jou voorbereiding
- Jou konsentrasie op die mat
- Jou reaksie na die wedstryd

Elite-rolbalspelers fokus op hulle eie spel, en om dit wat binne hulle beheer is te verbeter in plaas daarvan om eksterne faktore te blameer.

## 4 Leer om met grasie te verloor

Sport leer ons meer as net tegniese vaardighede, dit bou karakter. Om jou opponent se hand te skud en geluk te wens en om erkenning te gee vir goeie rolbal, is goeie sportmangees. Jou optrede na 'n neerlaag sê baie meer van jou karakter as jou optrede wanneer jy gewen het.

## 5 Maak die neerlaag jou motivering

Verloor kan jou geesdrif demp of jou dryfveer wees. Laat 'n neerlaag jou volgende oefensessie inspireer. Gebruik dit as 'n rede om jou fiksheid en soepelheid te verbeter, jou trek/aflewering te verfyn of te fokus op jou psigiese benadering tot die spel.
Stel vir jouself een klein doelwit na elke verloor, of dit nou is om te werk aan die gewig van jou aflewering, raad van 'n mentor te vra of onder druk te oefen. Om frustrasie in brandstof te verander, is hoe kampioene gemaak word.

Verloor is tydelik, groei is permanent. Elke rolbalspeler, ongeag sy/haar vlak, sal terugslae ervaar. Wat jou vooruitsigte in rolbal bepaal, is nie of jy verloor nie, maar hoe jy reageer as jy verloor.

Jaco Immelman

---

# LEDESAKE




## Verjaarsdae in November

**1** Jan Ebersohn
**7** Tillie Kamper
**9** Emily Lubbe
**10** Yvonne Bock
**11** Isabel Jacobs
**16** Conrad Greve
**17** Frank Wepener
**25** Koos van Dyk
**30** Annie Marais





## Verjaarsdae in Desember

**4** Ernst Müller
**10** Chris Lerm
**11** Theo Munroe
**12** Cathy Austen
**18** Yvonne Clausen
**19** Piet van der Merwe
**22** Barend Lundie
**26** Martelize Prinsloo, Johan Gerber
**27** Adri Behr, Emil Haarhoff, Ronel van Oudtshoorn
**29** Dina Rau
**31** Ted Harley

## Nuwe lede

Ons klub het sedert die vorige Toucher die volgende gewaardeerde nuwe lede ryker geword:
**Gerhard Booyse, Karin Louw, Ronel Viljoen en Dawie Fourie.** Van harte welkom, en mag julle lank en gelukkig lewe in die rolbalwêreld!






Afrigting van belangstellendes kontinueer, met groot dank aan die afrigters Zinda en Ernst Müller, Bosman Olivier, Koos Slabber en Marieta Fourie.

## Lief en leed

Herman du Plessis moes weer 'n ernstige draai in die hospitaal maak, maar het wonderlik herstel, tot ons groot dankbaarheid.


Ons is ook baie dankbaar dat Andre Lightfoot weer met ons is.

Christa Roux sterk steeds mooi aan.

Leon Smith was ook in die hospitaal maar sterk nou aan by die huis.

---

# Ander



**Speeltye (Somer)**

**Dinsdae -** gemengde spel, skyfies in 8:30 vir 9:00
**Donderdae -** gemengde spel, skyfies in 8:30 vir 9:00
**Saterdae -** gemengde spel, skyfies in 13:30 vir 14:00

Spel word Saterdae in rolbaldrag gespeel en gewone drag vir die ander dae. Vir klubwedstryde en klubfunksies trek ons ook rolbaldrag aan.

## Fondse

Ledegeld en ander inbetalings wat betaal word moet as verwysing jou naam en van toon, asook waarvoor jy die betaling maak. Dit sal die tesourier se taak aansienlik vergemaklik.

Klubfooie kan verkieslik direk in die klub se bankrekening inbetaal word.



**Bankbesonderhede:**
Centurion Bowling Cub
ABSA Centurion
Rek no 405 332 3178
Kode 632005
Tjekrekening


Ledegeld plus BGN affiliasiefooi is ten volle betaalbaar teen 1 Oktober 2025.
Status ouderdom, 1 Julie 2025

**Ledegeld 75 jaar en ouer: R2375**
**Ledegeld jonger as 75 jaar: R2600**

Spesiale reëlings vir afbetaling kan met die tesourier gereël word.
Kontak Marieta Fourie by: secretary@centurion-bowls.co.za of Marieta.fourie@dustaside.com

## Boeke

Snuffel gerus  in die boekrakke vir iets om te lees en huistoe te neem.  Daar is ‘n kassie waarin jy **R5** per boek moet ingooi. As jy klaar gelees het, bring die boek asseblief terug sodat iemand anders ook die leesgenot daarvan kan hê. Baie dankie, Judy, vir die versorging van ons boeke.



## GREENS, FACILITIES AND SERVICES




Persistent hard work continues to be done on both rinks. The A-rink looks super and plays well, while the B-rink is coming along nicely. Early summer rains have contributed significantly to the good progress made, ensuring that both rinks will be on par for the start of the league season. , Dave van Oudtshoorn and Willem van Zyl deserve our greatest appreciation and thanks for all the hard work done - hats off to them!



Nico Rau keeps a close eye and firm hand on the club facilities, whilst Dalina and Pieter Brits, with volunteers, ensure that sufficient fluid levels are maintained for
healthy cameraderie in the club. . Ronell van Zyl, with volunteers, attend expertly to all catering needs. All this work does our club proud and deserves, once again, a big hand of applause!









---

## KLEINJAN

Ma dinge staan nog sommer knopdisselboom aan hierdie kant. Hoop ma hulle op die plaas het ook nie nuwe vars klagtes nie. Ek verstaan van oom Hansie liga dat daar nou so baie nuwe mense by ons klub gekom het dat hy verwonderd staan. Ek moet ook darem by sê van die nuwes staan so kierts regop dat hulle soos Popeliere lyk as hulle gelykertyd op die baan is.

Ek moet net gou sê noudat ek van die bane praat, die bou kontrakteurs het een makulu se job gedoen van die gesteende mure om die perke en wat met konwyer belte afgerond is om die balle se nerwe te beskerm. Dit laat mens dink jy speel sommer beter. Die Ingelse sê mos dit is maind over meter of all in the mains.

Ek sien die perskebome is vol perskekies. Ma gaan seker ook weer 'n goeie pluksel hierdie jaar inlê? Die wat ons in die winkel koop kom darem nie naby aan daardie van ma in die kenfroet bottels nie.

My ou karretjie se agterwiel was gister so pap soos laas maand se pay. Ek het hom toe maar stadig tot by die garage gery want dit was darem net die onderkant wat pap was. Hy is nou weer twee baar gepomp. Ek verwonderd nog hoekom party mense van 'n kar as 'n sy praat. As 'n mens van die karre sien wat in stof en fuiligheid gedompel is, is dit beswaarlik 'n sy. Ruik ook nie party keer soos 'n sy nie.

Die liga wat nou weer in die aanloop is, het ok nou 'n goeie lei in die eerste span se tweede span. Ma sal nie rerug weet wat ek bedoel nie. Ek speel sommer. Ek is maar 'n gemiddelde everage speler. Maar ek wil darem bietjie my eie beul blaas, alhoewel ek nie eintlik 'n musiekant is nie. As ek nou van daardie gesiggies op hierdie brief kon sit sou ma kon sien hoe ek smail.

Ek wil ook kyk vir 'n ander ou karretjie wat automatiek is. Hierdie linker been van my se voet wat die kluts moet trap is partykeer so onkapabel soos 'n ou man by 'n jong meisie modeparade. Vra maar vir die ouer spelers. Verstaan nou mooi, dit is net my voet op die linker been wat nie altyd kapabel is nie.

Hier by ons praat die litte alweer sterk van kersvees. Dit is mos die maand wat tot Januarie se bankrot maand bydra. Die ouer pensjoenariste kry darem einde November 'n verhoginging in hulle se pensjoene. Dit is nou die wat op die verhogings pakkette is. Nie almal nie.

Ek sit gister hier by die tandarts dokter en wag en blaai toe deur van hulle ou tydskrifte wat op die koffie tafeltjie gerangskik is. Wraggies oud. 30 Januarie 2020. Die platteland boek lyk nog nuut van buite maar die geskryf is, as jy dit lees, soos van ons litte. Oud en bietjie gehawend. Rol maar voort maar darem nog op die voete.


Baie interessant wat die mense van hulle se wedervaringe skryf en raad gee oor sekere dinge. Dit help ook om tyd om te kry voor dit jou beurt in die martelstoel is. Net so terloops ma, die besoekie kos my toe R1250 net vir 'n klein chippie se reg veil.

Ek sal by my volgende skrywe vir ma vertel wat tannie Betsie vir my vertel het van oom Gerrie wat kwansys nou by haar sleep en spog oor sy boot en sy huis by Verpletterberg baai.

Groete eers

Kleinjan

**AND IN CLOSING...........**



Again with thanks to Barend Lundie, who distributed the following rather cynical observation about the game of golf. It can also apply to a really bad day on the bowling green..........:

**Golf:** An endless series of tragedies, obscured by the occasional miracle.......

---

## Kontakinligting

Stuur asb jou nuuswaardighede aan Gerrit Kamper by kampergd9@gmail.com., praat met hom op die rolbalbaan of in die klubhuis, of skakel met hom by 0731715630.

Besoek gerus ons webwerf by:
www.centurion.bowls-club.co.za en ook by :
https://centurionrolbalklub.shutterfly.com. (Foto's)

Neem ook kennis van die Klub se e-posadres: secretary@centurion-bowls.co.za

Wanneer u e-pos aan hierdie adres stuur, sal dit minstens al die lede van die Dagbestuur bereik.